BOHLWEKI ENVIRONMENTAL (PTY) LTD

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za

BOHLWEKI

PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

10 Maart 2006

Mnr. Louis Steyn
Verteenwoordiger: Plaas Kromdraai & Grootvallei
Posbus 905
Pretoria
0001

E-pos: louiss@africon.co.za

Geagte Mnr. Steyn

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental op 14 Februarie 2006 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en die gedetailleerde Omgewingsimpakstudie (OIS) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek, en spesifiek die verandering aan die padnetwerk is as volg genoteer:

- In terme van die veranderinge wat aan die plaaslike pad aangebring moet word, is u van mening dat die noordelike opsie 'n meer geskikte opsie is a.g.v. die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Die draai bewegings van die suidelike opsie en visuele impak veroorsaak dat dit 'n minder praktiese opsie is.
- Die plase Kromdraai en Grootvallei gaan ontsettend negatief beïnvloed word deur die voorgestelde kragstasie op Naauwontkomen en asstortingsfasiliteit op Eenzaamheid.
- Lugbesoedeling is 'n bron van kommer, veral as die myn ook uitbrei om aan Eskom se steenkoolbehoeftes te voldoen.
- Daar is alreeds vyf kraglyne wat oor die plaas Kromdraai strek. 'n Addisionele kragstasie beteken dat addisionele kraglyne opgerig gaan word. Aangesien die eiendom so naby aan die kragstasie geleë is, is dit logies om te aanvaar dat die nuwe kraglyne ook oor hierdie eiendom sal strek. Dit sal weer eens die waarde van die eiendom verminder.

- U verlang die kontakbesonderhede van die aangewese persoon by Eskom waarmee u in verbinding kan tree rakende die onderhandelings oor die toekoms van die plaas Kromdraai[1].

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met 'n lid van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsimpakstudie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genoteer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant

[1] Die kontakbesonderhede van Me. Erna Struwig is aan u verskaf.